View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk
brought to you by CORE
provided by Koers (E-Journal)



# RUILWAARDE

**RUILNOMMERS.** „Woord en Waarheid", 'n publikasie van personeellede van die Universiteit aan Pretoria, is tans omgevorm tot „Tydskrif vir Geesteswetenskappe" (vanaf Julie). Voorlopig sal dit slegs tweekeer per jaar verskyn. Hierdie uitgawe bevat enkele baie mooie studies. Ek noem hulle: W. T. H. Beukes „Kom ons segregasiebeleid in die gedrang?", S. Viljoen „Die Kapitalisme as ekonomiese Stelsel", T. Hugo „Kultuurbesinning", E. P. Groenewald „'n Amerikaanse Vertaling van die N.T." en H. P. Wolmarans „Algemene en Besondere Openbaring by Brunner". „Standpunte", onder redaksie van dr. W. E. G. Louw en andere, handhaaf nog steeds sy besonder hoë peil. Die uitgawe aan Augustus bevat artikels en ander bydraes in Afrikaans, Nederlands en Engels. Ek noem veral :M. de Villiers „Aktuele of estetiese Romans," P. H. du Bois „Tragische Berusting", K. Greshoff „The Age of fear and our moral Values" en besonder mooi „Kentekeninge" deur verskillende skrywers. „Tydskrif vir Wetenskap en Kuns", orgaan van die S. Afr. Akademie, verskyn ietwat ongereeld. Die uitgawe van April bevat artikels uit die hele veld van die wetenskap. Ek noem net: F. J. Labuschagne „Nog ‚toe'—los of Vas", B. de Loor „Die Ontleding van Kaapstad se reënval 1838-1946", H. G. Stoker „Die Problematologie van die Tydsvorme" (wie dit mag verstaan ,lees gerus hierdie originele stuk), G. Dekker „Die Vrouekarakters in Vondel se Jeptha" en drie tegnies-natuurwetenskaplike bydraes deur D. M. de Waal, A. P. Steyn, F. V. Loubscher en F. R. Tomlinson, met 'n half-filosofiese artikel deur T. E. W. Schumann „Die Bankrotskap van die Natuurwetenskap".

* * *

**KERK EN GODSDIENS.** 'n Besonder interessante tydskrif op hierdie gebied is „Polumnia", orgaan van die teologiese studente van die Stellenbosche kweekskool. Die eerste uitgawe vir 1948 bevat o.a. 'n aantal artikels deur die hoogleraars aldaar oor die skool, dan volg rubriek gevul deur studente self: teologies wetenskaplik, histories, diakonologies e.a.—oor die algemeen deeglike en gereformeerde studies. Die redaksie van „Die Kerkbode" het 'n paar waardevolle inleiers. „Karfo en Kerk" (15 Sept.) en„ Apartheid as Kerklike beleid" (22, 29 Sept.). P. J. Loots skryf in dieselfde orgaan verder oor „Ons Protestantse Kerklied" (1, 8, 15 Sept.), terwyl T. N. Hanekom voortgaan met sy mooi reeks „Ons allerheiligste Geloof" (25 Aug, 8 en 22 Sept.). Besonder mooi is in „Horizon" (Jul.) „Persoon van Christus" deur R. C. Herder. P. J. S. de Klerk skryf in „Die Kerkblad" (3 Sept.) oor 'n baie aktuele verskynsel, nl. „Onkerklike godsdienstigheid". R. Bardolph het dit in „Calvin Forum" (Jun.-Jul.) oor „Religion and the State University". Baie uitgebreid word in „Christian Life" (Sept.) gegewens verskaf oor „Hail the Sunday School".

* * *

**SKOOL EN OPVOEDING.** „Dubbelmedium" in die Transvaal hou nog die volle aandag; kyk o.a. „Onderwysblad" (Sept. en Okt.). In dieselfde blad verskyn verder as van algemene belang: P. N. Barnard oor „Jeugmisdaad" (Aug.) en „Swaksinnigheid en Agterlikheid" (Sept.) en A. P. du Toit e.a. oor die eksamens (Aug. Sept.). G. Fourie behandel in „Die Brandwag" (6 Sept.) die brandende vraagstuk van „Wie het die sê, Pa of seun?" In „Die Huisgenoot' bespreek G. G. Cillie die vraag „Is ons onderwys te duur?" (3 Sept.) en B. F. Nel „Kindersmousery met Comics" (13 Aug.). In „Calvin Forum" moet gelees word: G. Slob oor „Trained for tragedy" (Jun-Jul.) en ook „An educational symposium" (besonder waardevol). J. A. van Bruggen behandel in „Christian Home and School" „Christian education for children of Christian parents" (Jul.-Aug.). J. C. Mentz gee in „Inspan" (Aug) sy gedagtes oor 'n „Onder-

wysraad vir Suid-Afrika" en in „Paedagogische Studiën" (Jul.-Aug.) bespreek P. Post „De lingua franca, de politiek en de moedertaal in Nederland en daarbuiten". In „Die Kerkbode" vind ons B. Naude oor „Universiteit vir Spoorwegmanne" (25 Aug.) en J. D. Vorster oor „Godsdiensonderwys op skool" (8 Sept.).

* * *

**MAATSKAPPY EN WETENSKAP.** Die belangrikste algemene onderwerp hier is die wisseling van koninginne in Nederland: kyk o.a. „Die Kerkblad" 25 Aug., „Neerlandia" Aug., „Die Volksblad" „Zuid-Afrika" (Aug.), „Die Huisgenoot" (22 Aug., 10, 17 Sept.), en die afgesante van Suid-Afrika daarheen, mevr. pres. Steyn. Die bearbeiding van ons jeug word bespreek in „Die Kerkbode" (4, 11 Aug.) deur K. W. Heese en H. J. Piek (1 Sept.). Die kind word as voorwerp van sorg behandel in „Die Kerkbode" (11 Aug.) deur H. J. de Vos en in uitgawe 8 Sept. oor „die kind in die moderne wereld". D. B. Wurth gaan voort wat sy insiggewende bespreking van die kommunisme in „Horizon" (Jul.). „Probleme van die hedendaagse samelewing" word deur S. Pauw ondersoek in „Inspan" (Sept.), terwyl aldaar (Aug. Sept.) die „Faganverslag" verder bespreek word deur B. I. C. van Heerden en N. J. J. Olivier. Robey Leibbrandt vertel van sy ervaringe in „Die Huisgenoot" (vanaf 27 Aug.) en in „Die Brandwag "(vanaf 20 Aug), terwyl H. S. van Blerk in „Fleur" (Aug. Sept.) vertel „Ek is tot die dood veroordeel"—albei reekse is aangrypend! P. J. Nienaber bespreek in „Die Taalgenoot" (Aug. en Sept) die S. Afr. Akademie en stel in „Die Brandwag" (10 Sept.) voor die instelling van 'n ministerie van kuns en wetenskap. „Egskeiding" word in „Die Huidgenoot" (20 Aug.) deur M. J. Fourie bespreek; „Christian Radio" in „Christian Life" (Aug.); „World Council te Amsterdam" deur J. T. Hoogstra in „Calvin Forum" (Jun.-Jul.); G. J. Naude „Kleredrag op Sportterrein" en „Die Kerkblad" (6Aug. ); en P. A. Verhoef „Calvinisme en die Moderne mens" in „Die Kerkbode" (1 Sept.). 'n Paar mense word nader beskryf: J. Greshoff in „Die Huisgenoot "(3 Aug.), Toon van den Heever in dieselfde blad (20 Aug.) en J. L. van Schaik in „Die Voorslag" (Aug.). Ten slotte moet ek weereens wys op die besonder vaderlike inleiers in „Die Kerkblad" deur J. D. du Toit: ek noem veral „Twee beskouings" (6 Aug.) en „Nuwe wereldmag" (3 Sept.); en verder op E. E. van Rooyen se mooi „Twee redevoerings van 'n S. Afr. Staatsman" in „Die Gref. Vaandel" (Aug.) en ook daarin N. G. S. van der Walt oor „Behandel ons die naturel Christelik?"

J. Chr. COETZEE.